

**Sondag 14 April**

**Skrifgedeelte: Sagaria 9:9-17**

**Fokusgedeelte: Sagaria 9:9**

### **Die Vrede van God**

Die wêreldheerser Kores van Persië het die Israelitiese ballinge toestemming gegee om na Palestina terug te keer. Die profeet Sagaria tree op onder die teruggekeerde ballinge. Hy moes en het die volk by die herbou van die tempel met die Woord van die HERE bedien. Die gesproke Woord soos hy dit van die HERE ontvang het, was die bemoediging om met die bouwerk voort te gaan. Dit gebeur ná die tydperk van 17 jaar wat daar geen bouwerk plaasgevind het nie.

En die heerlike is dat die bemoediging in 'n oproep om met blydschap vervul te wees, geklee word. Anders as die wêreld van hulle tyd van lewensbedreiging, bedrog en heuling met die afgodiese, teken Sagaria hier die vreugde van oorwinning in die boesem van die kerk. Dogter van Sion wys op Jerusalem as die ontmoetingsplek van God met sy kinders.

Vir daardie gelowiges in die boesem van die kerk is die blye verrassing 'n Koning as die Oorwinnaar. Voor Hom moet elke mens, hoe magtig ook al, bes gee. Nie die oorlogspersd of oorlogstrydwa kan hulle red nie. En Hy? Hy kom as 'n Koning sonder prag en praal, maar 'n Koning as Beslisser oor die menselewe. Hy kom op 'n eselsvul sonder opspraak en wat Hy doen en bewerk, is vrede. 'n Vrede wat reik tot aan die verste einde van die aarde. 'n Vrede tussen God en sy kind omdat Hy op die eselsvul in jou plek kom sterf het en so die verbreekte verhouding met jou Vader kom herstel het.

Deur sy daad van vrede stort Vader en Seun die volle seën van gemeenskap deur die Heilige Gees uit. Daarmee juig ek en jy oor die dogter van Sion uit wie se skoot die Koning, Jesus Christus, gebore is.

*Sing: Psalm 146-1:2*

*Ds. SD de Kock (Vasie) (Emeritus)*